# God se nuwe wêreld as antwoord op die New Age-beweging

G.J.C. Jordaan
Departement Ou en Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*The concept of the coming new age is not a creation of the New Age Movement, but is part of the biblical message of the new world of God. Evidence from especially the New Testament elucidates the fact that God has led the world into a New Age (aeon) of his kingdom with the coming of Jesus Christ. The new age which is propagated by the New Age Movement has much in common with the new age of the Bible, though only superficially. A comparison proves that the New Age Movement has given a meaning to the Scriptural concept of a new age contradictory to that of the Bible.*

## 1. INLEIDING: PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Die feit dat die *New Age*-beweging (NAB) feitlik oornag in die aandagsveld gekom het, het daaraan die aansien verleen van 'n nuwe verskynsel wat nuwe denkbeelde aanhang en propageer. Dit is egter al deur verskeie skrywers aangetoon dat die NAB nie nuwe denkbeelde aanhang nie, maar dat die beweging se wortels in die heidense godsdienste en filosofie lê (bv. Marrs, 1987:25; De Parrie & Pride, 1990:57; Schulze, 1989:48 e.v.). Die *New Age*-denkbeelde is dus niks nuuts nie. Op gepaste wyse tipeer Schulze die beweging as 'n blote herlewing van die "old age" (1989:48).

Daar is egter een ooglopende verskil tussen die NAB en sy godsdienstige en filosofiese voorgangers, naamlik die feit dat die NAB die gedagte van 'n 'nuwe era' (Nuwe Eeu) propageer, waarin al daardie godsdienstige en filosofiese idees gaan hoogty vier. Juis hierdie unieke benadering het dan ook aan die *New Age*-beweging sy naam verleen. Hiervolgens sou die gedagte van 'n Nuwe Eeu die unieke of die oorspronklike uitgangspunt van die NAB wees.

Die gedagte van 'n Nuwe Eeu wat kom, is egter nie uniek aan die NAB nie. In die Bybel is daar immers ook die boodskap van die Nuwe Eeu van God wat kom. Die kritiese vraag is: Staan die *New Age*-konsep van die NAB los van die Bybelse boodskap van 'n Nuwe Eeu, of is die *New Age*-konsep bloot aan die Skrif ontleen en met 'n nuwe inhoud gevul? In laasgenoemde geval sou die *New Age*-boodskap aanwysbaar wees as 'n verdraaiing en vervalsing van die Skrifboodskap.

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon tot watter mate die *New Age*-idee van 'n komende nuwe era met die Bybelse boodskap ooreenkom, en watter verskille daar bestaan. Verder word beoog om vanuit sodanige vergelyking 'n Bybelse antwoord op die NAB te formuleer. Met die oog hierop word nie net die Skrifgegewens oor 'n Nuwe Eeu nagegaan en met die denkbeelde van die NAB vergelyk nie, maar ook ander sake wat met die Nuwe Eeu verband hou, word in berekening gebring.

## 2. DIE BYBELSE BOODSKAP VAN 'N NUWE EEU

Nêrens in die Bybel word in soveel woorde van 'n Nuwe Eeu gepraat nie. Tog laat die Bybel geen twyfel daaroor nie dat daar 'n Nuwe Eeu aan die kom is. Om die waarheid te sê, wanneer 'n mens die Bybelse gegewens nagaan, is dit duidelik dat daar nie net van 'n Nuwe Eeu sprake is nie maar van verskillende Eeue.

Die Bybel verwys naamlik na verskillende tydperke waarbinne die wêreldgeskiedenis verloop. Die tydperke word deur Nuwe-Testamentiese skrywers *aiones* (Grieks: αἰῶνες)[1] genoem (vgl. Coetzee, 1985:301-324). In die twee Afrikaanse vertalings van die Bybel word die Griekse woord *aioon* op verskillende maniere weergegee. Soms word dit vertaal met "eeu", soms met "bedeling", met "wêreld", of met "tyd". In Engels word dit vertaal met "world", "time", of "age". Ter wille van eenvormigheid word in hierdie artikel volstaan met die vertalings "bedeling" of "Eeu".

### 2.1 Die oorsprong van die Eeue

Uit die Skrif is dit duidelik dat God self die *aiones* daarstel. Hebreërs 1:2 stel dit duidelik: "God het die *aiones* gemaak." Die *aiones*, die Eeue, die tydperke waarbinne die wêreldgeskiedenis verloop, kom van God af; dit wil sê dat God ook die oorgang van een Eeu na 'n ander bepaal. In die Nuwe Testament word sulke oorgangsmomente gewoonlik "tye" of "geleenthede" genoem (Grieks: καιροί - *kairoi*)[2]. God skep sulke geleenthede deurdat Hy ingrypende dinge in die wêreld doen of laat gebeur.

So was die skepping 'n ingrypende daad van God waarmee Hy die wêreldgeskiedenis laat begin het. Daarna het die sondeval gevolg. Die volgende oorgangsgebeurtenis was die koms van Jesus Christus wat uitgeloop het op sy kruis en opstanding. Die finale ingrypende daad van God waarmee Hy 'n Nuwe Eeu in die wêreldgeskiedenis inlei, sal die wederkoms wees.

---

1 Byvoorbeeld Matteus 12:32 en Efesiërs 1:21. In die Evangelie volgens Johannes en ook in die ander geskrifte van Johannes word die woord *aioon* nie gebruik nie, maar in die plek daarvan die woord *kosmos* (κόσμος).

2 Byvoorbeeld Matteus 26:18; Markus 13:33; Lukas 12:56; Handelinge 1:7; Romeine 5:6; 1 Petrus 1:5; 4:17; Openbaring 1:3; 11:18; 22:10. In plaas van *kairos* gebruik Johannes soms die woord "uur", in Grieks: *hora* (ὥρα).

### 2.2 Twee Eeue

Ou-Testamentiese gegewens dui daarop dat God twee bedelings beskik: 'n oue en 'n nuwe. Veral die profete praat van die twee bedelings, en hulle beskryf dit in tipies Ou-Testamentiese taal. Hulle noem die nuwe bedeling *die groot dag van die Here wat kom* (Joël 2:11,31; Amos 9:11; Mal. 4:5), en die ou bedeling noem hulle *die ou tyd* (Hab. 3:6). Op die groot dag van die Here sal Hy die ou tyd tot 'n einde bring en alles nuut maak (Jes. 65:17; 66:22). Die dag van die Here, soos dit in die Ou Testament verkondig word, is dus inderdaad 'n nuwe bedeling wat van God af kom en wat 'n einde aan die ou bedeling maak.

Die Nuwe Testament praat duideliker oor die bedelings en die Eeue. Dit blyk ook uit die Nuwe Testament dat daar van slegs twee Eeue (*aione*) sprake is. Daar is *die teenswoordige Eeu* (1 Tim. 6:17; 2 Tim. 4:10; Titus 2:12) en daar is *die toekomstige Eeu* (Matt. 12:32; Heb. 6:5). Die teenswoordige Eeu word ook genoem *hierdie Eeu* (Matt. 12:32; Luk. 16:8[3]), en die toekomstige Eeu word ook genoem *daardie Eeu* (Luk. 20:35) of *die Eeu wat kom* (Mark. 10:30; Luk. 18:30; Ef. 2:7). Daar is dus 'n ou bedeling wat nou bestaan, en 'n nuwe bedeling wat kom.

Dit is verder uit die Nuwe Testament duidelik dat hierdie ou bedeling van verbygaande aard is. Jesus verwys dikwels in sy prediking na die "voleinding van die wêreld (*aioon*)", byvoorbeeld in Matteus 13:39[4]. Wanneer hierdie ou bedeling tot 'n einde kom, sal die nuwe bedeling in sy volheid deurbreek. So skryf Johannes in Openbaring 21:1: "Ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan."

### 2.3 Twee Eeue van die koninkryk van God

Dit blyk veral uit Nuwe-Testamentiese gegewens dat dit kenmerkend is van die twee Eeue - die oue en die nuwe - dat albei tydperke van God se koninkryk is. In albei tydperke maak God sy koningsheerskappy bekend, maar die *manier* waarop Hy dit bekend maak, verskil van die ou Eeu na die nuwe Eeu.

#### 2.3.1 Die eerste Eeu van God se koninkryk

Hierbo is reeds na die skepping verwys as die aanvang van die eerste Eeu van die wêreldgeskiedenis. Die skepping was ook die aanvang van God se koningsheerskappy oor alle dinge (Kol. 1:16). Met die sondeval het God se koningsheerskappy egter in gedrang gekom. Die mens het immers gewys dat hy eerder Satan wil gehoorsaam as vir God (Ef. 2:2,3), en op grond daarvan maak Satan daarop aanspraak dat hy in die

---

[3] Ook Lukas 20:34; Romeine 12:2; 1 Korintiërs 1:20; 2:6,8; 3:18; 2 Korintiërs 4:4; Efesiërs 1:21.

[4] Ook Matteus 13:40,49 en 28:20, asook Hebreërs 9:26.

plek van God oor die mens en die skepping regeer. Daarom staan Satan ook bekend as *die owerste van hierdie wêreld* (Joh. 12:31; 14:30; 16:11) en selfs as *die god van hierdie Eeu* (2 Kor. 4:4; vgl. Coetzee, 1987:20-37).

Satan se aanspraak is egter 'n valse aanspraak. Na die sondeval is God immers nie minder Koning as voorheen nie - daarvan is sy skepping self die beste getuie (Job 38, 39; Ps. 104; Hand. 14:16,17). In sy stompsinnigheid is die mens egter so deur die sonde verblind dat hy die groot waarheid van God se heerskappy nie raaksien nie en die valse aanspraak van Satan glo.

Die eerste Eeu (hierdie *aioon*) waarin die wêreld hom bevind, is dus 'n bedeling waarin God oor alles en almal regeer, maar waarin sy Koningsheerskappy deur Satan betwis word en deur die mens misken word.

### 2.3.2 Die Nuwe Eeu van God se koninkryk

God het 'n nuwe fase in sy koningsheerskappy laat aanbreek - die Nuwe Eeu van sy koninkryk. Die tyd (*kairos*) vir die aanbreek van die Nuwe Eeu van God se koninkryk was die koms van Jesus Christus, die Seun van God (Gal. 4:4). Jesus se geboorte, sy doop, sy prediking, sy wonders, sy hele optrede was 'n proklamasie van die koninkryk van God (Matt. 4:23; Luk. 11:20). Die groot heilsgebeure wat die Nuwe Eeu van die koninkryk egter met krag laat deurbreek het, was Jesus se kruis (Rom. 8:31-39; Ef. 2:16-22) en opstanding (1 Kor. 15:20-58).

#### 2.3.2.1 'n Nuwe Eeu van herskepping

Die Nuwe Eeu van God se koningsheerskappy het ook vir die mens 'n nuwe toekoms gegee, want met die aanbreek van die Nuwe Eeu word die mens van hierdie ou in-sondegevalle bedeling verlos. Die Nuwe Eeu van God se koninkryk is ook die Eeu van God se nuwe skepping. Die nuwe skepping van God is nie 'n ander skepping nie maar 'n herskepping. Dit beteken dat Hy sy skepsels weer nuut maak en Hy begin sy herskepping juis by die kroon van sy skepping - by die mens. In sy genade laat God die mens weer nuutgebore word, verlos van sonde en ellende, bestem vir die heerlikheid. God doen dit deur sy Heilige Gees wat in die mens werk.

Die herstel van die in-sonde-gevalle mens is die eerste deel van God se nuwe skepping. In Jakobus 1:18 staan geskrywe dat die wedergebore mense die eerstelinge van God se skepsele is. Op die herstel van die mens volg die herstel van die hele wêreld. Dan is die hele wêreld weer heerlik, sondevry, nuutgemaak (vgl. Coetzee, 1985:301-324). Dit is God se nuwe wêreld.

Die groot kenmerk van nuutgemaakte skepsele is dat hulle God se koningsheerskappy

weer volmondig erken. Trouens, hierdie erkenning geld van God se nuwe wêreld in geheel: sy koningskap word nie meer betwis nie. Hierdie erkenning verkondig dat God deur Jesus Christus sy vyande onteenseglik onder sy voete onderwerp en sonder teëspraak oor alles en almal regeer (Ps. 110:1; Openb. 11:15; 1 Kor. 15:25).

#### 2.3.2.2 Reeds maar nog nie

Dit is dus duidelik dat die gelowiges *nou reeds* die Nuwe Eeu van God se nuwe wêreld betree het. Reeds nou staan die kerk onder Christus se onbetwiste koningsheerskappy, verlos van die sonde en die valse aansprake van Satan. Tog is die wêreldheerskappy van Christus *nog nie* volkome nie. Daar is nog vyande van die koninkryk van God wat vernietig moet word. In die Bybel word daarop gewys dat die voorlaaste vyand wat nog vernietig moet word Satan self is, en die heel laaste is die dood (1 Kor. 15:25-26; Openb. 20:7-14). Met die kruis en die opstanding is Satan en die dood *oorwin*, maar hulle is nog nie *vernietig* nie. Satan is oorwin, maar hy loop nog rond "soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (1 Pet. 5:8).

So beleef ons die 'reeds' en die 'nog nie' van ons tyd. Ons is reeds van die heerskappy van die sonde bevry, maar die sonde het nog nie tot 'n einde gekom nie; ons moet steeds daarteen stry. Ons sien met reikhalsende verlange daarna uit dat die in-sonde-gevalle bedeling finaal tot 'n einde moet kom sodat ons die volkomenheid van die Nuwe Eeu van God se koninkryk kan binnegaan (Rom. 8:18-30).

#### 2.3.2.3 Die volkome Nuwe Eeu

Die Skrif leer dat die Nuwe Eeu in volkomenheid sal aanbreek wanneer die Ou Eeu finaal tot 'n einde gekom het. Dit sal gebeur wanneer God die volgende groot (en finale) heilsgebeurtenis (*kairos*) sal laat aanbreek. Dit is die heilsgebeurtenis van die wederkoms. In Openbaring 21:1 is die belofte opgeteken dat die eerste hemel en die eerste aarde dan verby sal wees en dat God alles nuut sal maak. Die nuwe skepping wat Hy nou reeds in sy wedergeborenes begin het, sal dan die hele skepping omvat. Dan sal dit verby wees met alle stryd en worsteling en sonde en ellende en smart en met die dood (Openb. 21:4). Dan sal Christus die Koningsheerskappy weer aan die Vader oorgee (1 Kor. 15:24,28) en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

### 2.3.3 Samevatting oor die twee Eeue

Die Skrif maak dit dus duidelik dat hierdie Eeu - die Ou Eeu - nie met die koms van die Messias opgehou het nie maar nog voortduur tot by sy wederkoms (*parousia*). Met die koms van die Messias het daardie Eeu - die Nuwe Eeu - reeds aangebreek, maar dit sal eers by sy wederkoms volkome wees.

Wie tussen die eerste koms en die wederkoms van die Messias lewe en wat deur die

geloof aan Hom verbind is, is dus alreeds in die Nuwe Eeu, maar is terselfdertyd ook nog in hierdie Eeu. 'n Nuwe bedeling het reeds aangebreek, maar die ou bedeling is steeds van krag. Ons lewe dus in 'n dubbelslagtige tyd, 'n spanningsvolle tyd.

Die mens kan egter nie die aard van hierdie of daardie bedeling verander of self die ou bedeling tot 'n einde laat kom en die nuwe bedeling laat aanbreek nie. Dit is 'n saak wat in God se hande is. Die mens kan alleen maar op God wag dat Hy die tyd sal vol maak vir die wederkoms om plaas te vind. Wat ons kan en moet doen, is om die evangelie aan die mensdom te verkondig (Matt. 28:19; Dordtse Leerreëls 1.3; 5.14) en om saam met die kerk van alle eeue, en saam met die Heilige Gees, te bid: "Kom, ja kom, Here Jesus!" (Openb. 22:17-20).

## 3. DIE NUWE EEU VAN DIE *NEW* AGE-BEWEGING

Die NAB verkondig ook dat daar 'n Nuwe Eeu aan die kom is: dit is die wesentlike van die *New Age*-boodskap. Met die eerste oogopslag is dit ook duidelik dat daar onmiskenbare ooreenkomste bestaan tussen die *New Age* wat deur die New-Agers gepropageer word en die Nuwe Eeu waarvan die Skrifte getuig.

Tegelykertyd is reeds deur verskeie skrywers aangetoon dat die New-Agers se *New Age*-boodskap op totaal onbybelse uitgangspunte berus (vgl. Cumbey, 1986:27 e.v.; Cooper, 1987:298-302; Schulze, 1989:48-59; McLoud, 1990: 12 e.v.). Om dan die ooreenkomste tussen die *New Age* van die NAB en die Bybelse boodskap van die Nuwe Eeu van God sinvol te kan beoordeel, is dit nodig om eers 'n kort oorsig van die belangrikste *New Age*-uitgangspunte te gee.

### 3.1 Die *New* Age-uitgangspunte

Die *New Age*-denkwyse berus op 'n hele aantal uitgangspunte wat onmiskenbaar onbybels is (vgl. Cumbey, 1986:27 e.v.; Cooper, 1987:298-302; Schulze, 1989:48-59; McLoud, 1990: 12 e.v.). Veral twee van hulle uitgangspunte is vir hierdie studie van belang: hulle beskouing oor die skepping en hulle beskouing oor die sonde.

#### 3.1.1 Beskouing oor die skepping

Volgens die NAB bestaan daar nie so iets soos 'n skepping nie. Hulle verwerp die gedagte van God wat alles uit niks geskape het (vgl. Ferguson, 1980:170 e.v.). Uit die Oosterse mistiek bring hulle die idee dat alle dinge ontstaan by wyse van emanasie van God. Alles wat bestaan is maar net verskillende gestaltes wat God in die kosmos aanneem. Ook die mense is almal vergestaltings van God. Hierdie beskouing staan bekend as *panteïsme* (Venter, 1990:51-79).

Die NAB se skeppingsbeskouing bepaal ook hulle beskouing oor die mens. Deurdat

die mens nie skepsel nie maar 'n emanasie van God is, is hy inderdaad ook God. In die lig hiervan kan verstaan word waarom die Amerikaanse aktrise Shirley MacLaine ('n prominente New-Ager van ons tyd) kan sê dat sy en enige ander persoon God is (vgl. MacLaine, 1983:189; Miller, 1989:17). 'n Bekende *New Age*-uitspraak is: "All is one and all is God; we are God"! (De Bruyn, 1991:54). Deur God as Skepper van alle dinge te verwerp, kom die *New Age*-denke dus uit by mensvergoddeliking.

### 3.1.2 Beskouing oor die sonde

In samehang met die mensvergoddeliking handhaaf die NAB ook 'n onbybelse beskouing oor die sonde. Die mens, wat god is, kan nie sondaar wees nie. In die *New Age*-denkwêreld bestaan daar dan ook nie so iets soos sonde nie. Sonde, sê hulle, is niks anders as onkunde nie - onkunde oor hoe om in harmonie met die kosmos te lewe. Volgens hulle is die groot sonde van ons tyd om nie in harmonie met die mense en dinge om jou te lewe nie.

Die mens van die *New Age* moet dus verlos word van alle disharmonie met sy omgewing. Hierdie verlossing kom uit homself (vgl. Ouweneel, 1988:30). Die mens moet self kom tot 'n nuwe en beter verstaan van sy eie verhouding tot die kosmos. Vanuit hierdie nuwe verstaan moet hy homself dan verander, moet hy transformeer om in ritme met die kosmos te kom (Ferguson, 1980:180; Cooper, 1987:300).

Die *New Age*-mens moet so verander dat hy met niks en niemand in botsing kom nie. Daarom is dit vir hulle onvergeeflik as iemand sterk standpunt inneem teenoor ander mense, want daarmee word die harmonie in gedrang gebring. Die *New Age*-mens is dus bereid om alles te akkommodeer, ook alle ideologiese en godsdienstige beskouings. In die mens van die *New Age* kom alle standpunte tot 'n sintese. So vind hy verlossing van die 'sonde' van disharmonie met die kosmos. Dit blyk dat die NAB die mens nie alleen tot sy eie god verhef nie maar ook tot sy eie verlosser.

## 3.2 Die *New Age*-boodskap 'n vervalsing van die Bybelse Nuwe Eeu

Die NAB neem die vergoddelikte mens wat homself verlos as uitgangspunt, en op hierdie valse basis skets hulle 'n toekomsvisie wat treffend ooreenkom met die Bybelse boodskap van 'n Nuwe Eeu wat kom. Dikwels is die onbybelse uitgangspunte so goed verskuil dat dit op die oog af mag lyk of 'n mens met eg Bybelse denkbeelde te doen het. Namate die *New Age*-basis van so 'n boodskap egter aan die lig kom, is die boodskap in sy geheel aanwysbaar as 'n vervalsing van die egte Nuwe Eeu waarvan die Skrifte getuig. Die *New Age*-weergawe van die Nuwe Eeu wat kom, lyk dan soos volg:

### 3.2.1 'n Eeu van die koninkryk van die mens

Volgens die NAB is daar inderdaad 'n Nuwe Eeu aan die kom. Hierin stem hulle

volmondig met die Bybel saam. Hulle stem ook saam dat dit 'n Nuwe Eeu van koningsheerskappy is, maar hulle kleur die prentjie in met hulle goddelike-mens-uitgangspunt: dit is nie 'n Eeu waarin God as koning regeer nie maar 'n Eeu waarin die *New Age*-mens regeer.

Op die vraag of die NAB daarop uit is om die wêreld te beheers, kan dus met stelligheid gesê word: Inderdaad! Die NAB wil immers God se koninklike heerskappy in die wêreld vervang met die heerskappy van die mens van die *New Age*!

### 3.2.2 'n Eeu onder die teken van Aquarius

Net soos die Bybel, verkondig die NAB dat die Nuwe Eeu met 'n ingrypende gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis (met 'n *kairos*) aangebreek het. Volgens hulle was die gebeurtenis egter nie die koms van Jesus Christus nie, maar 'n verandering in die stand van die sterre (vgl. De la Guerre, 1991:70-71)! Die NAB het die Bybelse *kairos*-begrip oorgeneem en ingekleur met denkbeelde vanuit die astrologie.

Hiervolgens word die Eeue in die wêreldgeskiedenis bepaal deur die stand van die son ten opsigte van die sterre. Die sterrebeeld in die diereriem waarbinne die son op 'n bepaalde dag van die jaar waargeneem kan word, het dan 'n bepalende invloed op die hele kosmos. Dit gebeur waarskynlik as gevolg van kosmiese strale wat vanaf die sterre oor die hele kosmos uitgaan (vgl. Burger, 1987:12).

Van die begin van ons jaartelling af tot die middel van die twintigste eeu het die son hom dan in die sterrebeeld van die vis (*pisces*) bevind. Onder invloed van die vis het die aarde 'n bedeling van tweeduisend jaar deurgegaan wat gekenmerk was deur stryd en verdeeldheid. Dit was die Eeu van die Vis, die era van die Christendom. Maar op 17 Augustus 1987 ( of op 5 Februarie 1962) het die son oorgegaan in die sterrebeeld van die waterdraer (*Aquarius*). Sedertdien beïnvloed die kosmiese strale van die sterre uit die *Aquarius*-beeld die mensdom se denke so dat almal op 'n nuwe manier begin dink: die *New Age*-manier (vgl. Schulze, 1989:48-49; Ouweneel, 1990).

Die gebeurtenis wat die *New Age* laat aanbreek het, was volgens die NAB dus nie 'n Goddelike daad van buite die kosmos nie; dit was 'n gebeurtenis wat uit die kosmos self gekom het: die verskuiwing van die son binne die diereriem.

### 3.2.3 'n Eeu van self-herskepping

Ook die Bybelse boodskap dat die Nuwe Eeu 'n Eeu van herskepping is wat tot 'n nuwe wêreld lei, is noukeurig deur die NAB nageboots. Hulle sê dat die *New Age* inderdaad 'n Eeu is waarin alles verander en nuut word, maar die verandering kom nie as gevolg van 'n herskeppingsdaad van God nie. Die verandering kom uit die kosmos

self; die verandering vind plaas vanweë 'n inherente veranderingsdrang van die kosmos.

Die veranderingsdrang kom dan ook nie net by sommige mense voor nie. Dit is deel van elke mens, want elke mens is deel van die geheel. Trouens, alle mense en alle dinge is één. Daarom hulle slagspreuk: "All is one and all is God." Met sy geheelbenadering sluit die NAB direk by die holisme aan (vgl. Ferguson, 1980:168-169; De Bruyn, 1991:55). In die NAB is die alles-is-een-benadering 'n absolute vereiste, want die eenheid van alle dinge maak dit noodwendig dat *alles* sal verander.

Gevolglik is die hele kosmos onafwendbaar in 'n voortdurende proses van verandering. Omdat alle dinge dan een is, moet alles noodwendig saam verander (Capra, 1982:312). Op hierdie punt sluit die NAB direk by die evolusionisme aan (vgl. Capra, 1982:58-62; Van der Walt, 1990:13). Hulle boodskap is: Niemand kan die veranderingsgolf van die *New Age* keer nie; dit is 'n krag wat uit die kosmos self kom; dit gaan die hele wêreld oorspoel!

### 3.3 Die nuwe wêreld van die *New Age*

Die verandering van alle dinge lei tot 'n nuwe wêreld. Ook hierin sluit die NAB by die boodskap van die Bybel aan. Maar die nuwe wêreld van die *New Age* is natuurlik anders as die Nuwe Wêreld van God: dit is 'n nuwe wêreld wat die stempel van die Eeu van Aquarius dra. Die NAB verkondig dat die tydperk van stryd en verdeeldheid waarin die wêreld vir tweeduisend jaar gedurende die Eeu van die Vis vasgevang was, nou iets van die verlede is. Met die koms van die Eeu van Aquarius gaan daar 'n nuwe wêreld voor ons oop: 'n wêreld vol vrede en harmonie. Hierdie boodskap word soos volg deur die New-Agers besing[5]:

> This is the dawning of the age of Aquarius:
> Harmony and understanding;
> sympathy and trust abounding;
> no more falsehoods or derisions;
> golden living dreams of visions;
> mystic crystal revelations;
> and the mind's true liberation.

So klink die evangelie van die NAB: Die *New Age* van Aquarius het vir ons almal aangebreek. Vir die mensdom lê daar 'n tyd voor sonder stryd, 'n tyd van ewige vrede en harmonie en ware bevryding.

[5] Uit die musiekblyspel *Hair* deur Sally Eaton, wat aan die begin van die sewentigerjare baie gewild was. Hierdie blyspel was openlike propaganda vir die *New Age*-beweging (vgl. Ouweneel, 1988:7).

## 4. DIE BYBELSE ANTWOORD

Die antwoord van die kerk op die NAB met sy vervalsing van die Bybelse boodskap is om die ware Bybelse boodskap van die Nuwe Eeu van God se koninkryk te verkondig. Aan die aanhangers van die NAB moet die evangelie van die koninkryk van God in Jesus Christus soos God dit in die Bybel bekend maak, verkondig word. Dit beteken dat die volgende as antwoord op die NAB gestel moet word.

### 4.1 Nie 'n menslike meesterplan nie maar God se Raadsplan

Teenoor die NAB se aanspraak dat die *New Age* onafwendbaar volgens 'n geheime meesterplan in hierdie wêreld ontplooi word (vgl. Griffin, 1983, hoofstuk 11), is die Skrifboodskap baie duidelik: daar is 'n Nuwe Eeu in die wêreld aan die kom. Die Nuwe Eeu word egter nie volgens 'n menslike meesterplan ontplooi nie maar volgens die Raadsplan van God. God is immers die Skepper van die Eeue (Heb. 1:2). Hy beheer elke Eeu van begin tot einde - ook die ontplooiing daarvan (Ef. 1:9,10).

### 4.2 Nie koning mens nie maar Koning Jesus

Die *New Age*-boodskap is ten diepste 'n boodskap van koning mens: in die *New Age* wat tot ontplooiing kom, gaan die mens regeer. Teenoor die koninkryk van die mens moet die Bybelse boodskap van die koninkryk van God verkondig word. Die Nuwe Eeu is 'n Eeu waarin *God* regeer in Jesus Christus. Hiervan getuig Efesiërs 1:20-22 baie duidelik: "God het Christus in die hemel aan sy regterhand laat sit: hoog bo alle bose magte en enige ander vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie maar ook in die bedeling wat kom. Aan Hom het God alles onderwerp en Hom bo alles aangestel as Hoof van sy kerk."

Daar kan dus geen twyfel bestaan nie: in hierdie Eeu en in die Eeu wat besig is om te ontplooi, regeer God deur Christus Jesus oor alles. Daar is niks en niemand wat nie onder sy heerskappy staan nie.

### 4.3 Nie beweging van die sterre nie maar die koms van *Christus*

Die NAB se idee dat tydperke in die wêreldgeskiedenis deur sterrebeelde van die diereriem bepaal word, kom uit die heidense astrologie. Dit is al op sigself genoeg rede vir die Christen om die 'Eeu van Aquarius' te verwerp. Hierteenoor moet die waarheid soos God dit in sy Woord bekend maak, gestel word: die Nuwe Eeu het aangebreek met die koms van Jesus Christus.

Met Jesus Christus se geboorte het die Nuwe Eeu reeds begin (Gal. 4:4), met sy kruisdood het die Nuwe Eeu sy beslag gekry (Heb. 9:26); met sy opstanding uit die dood het die Nuwe Eeu met Goddelike krag deurgebreek. Daarom word Jesus se opstanding in 1 Korintiërs 15:20-24 aangedui as die eerste groot gebeurtenis van die

Nuwe Eeu: "Christus is opgewek uit die dood, as eersteling van dié wat gesterf het ... Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. Daarna kom die einde ..." Jesus se opstanding, die opstanding van die gelowiges, die einde - so word die verloop van die Nuwe Eeu van begin tot einde saamgevat.

### 4.4 Nie selfverandering nie maar herskepping

Kenmerkend van die Nuwe Eeu is dat dit 'n Eeu van verandering is. So word in die Bybel geleer. (In 5.2 word op die aard van die verandering ingegaan.) Die NAB het egter ook 'n baie besliste standpunt oor die oorsprong van die verandering. Hulle sê dat dit 'n *self*verandering is: gedryf deur 'n inherente veranderingsdrang verander alle dinge, ook die mens, vanself op die patroon van die evolusionisme (vgl. Van der Walt, 1990:13).

Hierdie *New Age*-denkbeeld is uit pas met die Bybel. In 1 Korintiërs 15:51 wat die verandering van die mens beskrywe, staan daar geskrywe: "Ons sal almal verander word." In vers 52 word dit herhaal. Dit is duidelik dat ons nie *vanself* sal verander nie, maar dat ons verander sal *word*. Die Een wat ons sal verander, is God self, in Jesus Christus deur sy Heilige Gees.

1 Korintiërs 15 handel natuurlik oor die mens se verandering op die dag van die opstanding. In Efesiërs 2 word egter oor die gelowige se verandering in hierdie lewe geskryf. In vers 15 skryf die apostel Paulus dat God ons reeds nou nuwe mense maak sodat ons anders is as wat ons vroeër was (verse 3 en 11). Ook die apostel Jakobus skrywe (Jak. 1:18): "Volgens sy wil het God ons voortgebring deur die woord van sy waarheid." Hieruit is dit duidelik dat God ons voortgebring het; God het ons wederbaar. Geen mens verander uit homself nie. God verander die mens.

Die Bybelse antwoord op die *New Age*-denkbeelde van verandering, is dat die Nuwe Eeu nie 'n Eeu is waarin die mens homself verander nie maar waarin *God* die mens verander. Hy maak ons nuut, Hy wederbaar ons om kinders van God te wees.

### 4.5 Nie uit die aarde nie maar uit die hemel

Die NAB verkondig dat daar 'n wonderlike nuwe wêreld vol vrede en harmonie voorlê. Hierdie nuwe wêreld sal juis die gevolg wees van die selfverandering van die mens. Die mens gaan dus self hier op aarde die nuwe wêreld laat ontplooi (vgl. 3.2.3 hierbo).

As antwoord op hierdie *New Age*-belofte dien die woorde van Openbaring 21. In Openbaring 21:2,10 staan daar dat die nuwe Jerusalem *uit die hemel* sal neerdaal. Die nuwe wêreld sal nie uit die aarde opkom nie maar dit sal uit die hemel neerdaal: uit

die hemel, omdat dit die werk van God is. God bring die nuwe Jerusalem tot stand, en ook die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit is God se nuwe wêreld, wat *Hy* herskep en nuut maak.

## 5. DIE *NEW AGE*-WOORDROOF

Die NAB het nie net die Bybelse Nuwe Eeu-begrip vervals nie, maar het ook bepaalde woorde en begrippe wat eg Bybels klink, geneem en daaraan 'n tipiese *New Age*-inhoud gegee. Hulle het naamlik woorde soos *vrede*, *vryheid* en *eenheid* geneem om daarmee hulle *New Age* te propageer. Hierdie optrede van die NAB kan met reg woordroof genoem word (vgl. Pienaar, 1990:15). Hieronder word enkele van die woorde en begrippe bespreek.

### 5.1 Eenheid

Die NAB gaan uit van die gedagte van die eenheid van alle dinge, veral die eenheid van alle mense met mekaar en met God. Hierdie grondstelling mag nie verwar word met die Bybelse boodskap van eenheid nie.

#### 5.1.1 Eenheid met mekaar

Een van die grondstellings van die NAB is dat ons almal een is omdat alles in en op die aarde wesenlik een is (vgl. De Bruyn, 1991:55). Omdat die NAB van 'n eenheid van alle dinge uitgaan, verwerp hulle enige fragmentering van mense of dinge, en eis hul dat die grense tussen alle godsdienste, volkere, samelewings en individue moet verval (vgl. Ouweneel, 1990).

In die Bybel word daar inderdaad na die eenheid van alle mense verwys. Die eenheid van die mensdom bestaan daarin dat almal sondaars is en deel het aan die verdorwenheid (Rom. 3:10-12). God keur egter eenheid met die goddelose mensdom af. In sy Woord waarsku Hy dat elkeen wat solidêr met die mensdom bly, onder die oordeel van God is (Rom. 3:19).

Vanweë sy genade en liefde maak God sy uitverkorenes egter vry van sy oordeel. Dit doen Hy deur hulle los te ruk uit die eenheid met die goddelose wêreld en hulle in 'n ander eenheid in te bring: die eenheid met Jesus Christus. Die gelowiges is in Christus een met mekaar, maar nie een met die wêreld nie (1 Joh. 4:4-6). Ware eenheid tussen mense is slegs moontlik in die geloof in Jesus Christus.

Die werklike toedrag van sake is dus dat die NAB met hulle eenheidstrewe ook die kinders van God solidêr wil maak met die mense van die Ou Eeu van ongehoorsaamheid. God verbied egter dat sy kinders buite die geloof om eenheid met mense soek (2 Kor. 6:14-17; Ef. 5:6,7). Immers al is hulle nog in hierdie Ou sondige Eeu, het God sy

kinders reeds oorgebring in die Nuwe Eeu van sy koninkryk. Die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges is in hierdie Ou Eeu slegs voorlopig. In die voleinding sal God dit finaal en volkome maak (Matt. 25:31-46).

Teenoor die *New Age*-denke leer die Bybel ons dus dat die gelowige nie een is met alle mense nie en ook nie eenheid buite Christus om mag soek nie.

### 5.1.2 Eenheid met God

Met hulle slagspreuk 'Ons is een met God' stel die NAB die mens gelyk aan God (vgl. 4.4 hierbo). Daarmee staan die NAB lynreg teenoor die Skrifopenbaring. In die Skrif maak God immers bekend dat Hy ver verhewe bo die mens is en dat geen mens aan Hom gelykgestel kan word nie (Jes. 55:8,9). Enige poging van die mens om hom aan God gelyk te stel, wek God se toorn op (Jes. 14:13; Eseg. 28:6).

Die Bybel getuig inderdaad van 'n bepaalde eenheid met God. Op talle plekke word gesê dat ons in Christus is en Hy in ons (bv. Joh. 15:4; Rom. 8:10; Ef. 2:13). Ons is in Christus (en Hy in ons) op geen ander manier nie as deur sy Gees wat die geloof in ons werk (vgl. Floor, 1982:69 e.v.).

Maar selfs al is ons in Christus, beteken dit allermins dat ons aan Hom gelyk is. Ons verhouding met Hom bly so dat ons volkome van Hom afhanklik is. Hierdie verhouding word in die Nuwe Testament met verskillende beelde verduidelik. In Efesiërs 1:20-23 word die beeld van hoof en liggaam gebruik. Jesus Christus is die Hoof en ons die liggaam. Hoof en liggaam is een, maar nie identies nie. Die Hoof beheer immers die liggaam. In Johannes 15:5 verduidelik Jesus met die beeld van die wingerstok en die lote dat ons buite Hom tot niks in staat is nie. Ons eenheid met Hom is dus 'n eenheid waarin ons heeltemal van Hom afhanklik is.

Die Skrifantwoord op die *New Age*-beweging is dus duidelik: Alleen in Jesus Christus is ons een met God, maar ons is in geen opsig aan God gelyk nie. Hy is ver bo ons verhewe; Hy regeer oor ons en ons is geheel en al van Hom afhanklik.

## 5.2 Vernuwing

Die NAB propageer die gedagte van vernuwing van die mens. Volgens hulle vind ware vernuwing plaas wanneer die mens in ritme met die kosmos kom. Die nuwe mens van die *New Age* is iemand wat alle verskille tussen mense en dinge oorbrug. Die nuwe mens akkommodeer alle standpunte en lewe daarom in harmonie met alles en almal (vgl. Cooper, 1987:300; Ouweneel, 1990).

In die Bybel is daar ook 'n boodskap van vernuwing van die mens (bv. 2 Kor. 4:16). Die Bybelse boodskap van vernuwing verskil egter totaal van dié van die NAB. Bybel-

se vernuwing vra nie akkommodasie van alle standpunte nie maar eis juis verwerping van dwaalleer en heidendom (bv. Gal. 1:8-9). Eg Bybelse vernuwing lei ook nie tot 'n ritme met alle dinge nie; inteendeel, dit lei tot 'n radikale breuk met die goddelose wêreld. Die nuwe mens wat deur God geskape is (Ef. 4:24) verwerp nie net die *leer* van die goddelose mensdom nie meer breek ook met hulle *leefwyse* (Ef. 4:22-29). Die nuwe mens van die Nuwe Eeu van God mag dus nie in pas met die goddelose mensdom wees nie. Hy moet juis sy 'ritme' met die onreg en die boosheid van die mensdom beëindig.

Teenoor die *New Age*-beweging moet dus duidelik gesê word dat die roeping van die gelowige nie is om te transformeer nie maar om te reformeer!

### 5.3 Vrede

By die geboorte van Jesus Christus, die Vredevors, stuur God self uit die hemel 'n boodskap van vrede (Luk. 2:14). Daarmee laat Hy almal goed verstaan: vrede is 'n kenmerk van die Nuwe Eeu van God. Daarom word die evangelie van Jesus Christus ook die evangelie van vrede genoem (Ef. 2:17).

Die NAB het die gedagte van vrede aangegryp en deel van hulle *New Age*-boodskap gemaak. Hulle verkondig hulle *New Age* as 'n bedeling van vrede op aarde waarin mense harmonieus met mekaar sal saamlewe. In die *New Age* sal alle verskille, ook godsdienstige verskille, opgehef word (Ouweneel, 1990).

Volgens die Bybel is vrede tussen geloof en ongeloof egter valse vrede. So 'n vrede is nie die vrede van Christus nie maar die vrede van hierdie wêreld. Jesus onderskei tussen vrede en vrede waar Hy sê (Johannes 14:27): "Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek aan julle. Die vrede wat Ek aan julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie." Jesus se vrede is anders as die vrede van die wêreld. Sy vrede is egte vrede, en dié van die wêreld is 'n skynvrede. Daarom word daar in 1 Tessalonisense 5:3 gewaarsku: "Wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle."

Die ware vrede wat Jesus Christus bring, is dat Hy die mens met God versoen - die vrede tussen God en die mens herstel (Ef. 2:16). Hy bring egter ook vrede tussen mens en mens, maar dan nie 'n ongekwalifiseerde vrede nie. Die vrede tussen mens en mens kan immers nie losgemaak word van die vrede met God nie. Slegs tussen diegene by wie die vrede met God herstel is, kan daar ware vrede met mekaar bestaan (Ef. 2:14-16). Buite God om is daar egter geen vrede nie.

## 5.4 Vryheid

Die *New Age*-idee word ook as 'n boodskap van vryheid en bevryding verkondig - bevryding uit strukture. Volgens hulle was die samelewing tot nou toe gefragmenteer deur allerlei strukture. Veral strukture soos die huwelik, die gesin, die kerk, die staat en ekonomiese strukture het grense getrek wat die mens se vryheid aan bande lê (vgl. Ouweneel, 1990). Wanneer al hierdie strukture afgebreek is, is die mens bevry.

Op seksuele gebied het die huwelik fragmentering gebring, want die huwelik het man en vrou se seksuele vryheid ingeperk. In die *New Age*, sê die NAB, sal die huwelik egter verdwyn. Trouens, in die Westerse samelewing is die huwelik reeds besig om uit te rafel. Wanneer man en vrou uiteindelik van die huwelik ontslae is, sal hulle seksueel vry wees.

Die samelewing word nie net deur die huwelik gefragmenteer nie maar ook deur die gesinstruktuur. Die gesin groepeer immers, en groepvorming is vir die NAB fragmentering; daarom moet die grense van die huisgesin in die *New Age* vervaag en verval. Dieselfde geld vir familiebetrekkinge en volksverbande. Omdat dit lyne en grense tussen mense veronderstel, staan dit in die pad van 'n geïntegreerde samelewing; daarom het families en volkere nie 'n plek in die *New Age* nie.

Op ekonomiese gebied was die samelewing tot nou toe gefragmenteerd deurdat die rykdomme van die wêreld nie vryelik tot almal se beskikking was nie. So was dit met die feodale stelsel van die Middeleeue; die rykdom was in die hande van enkele mense. So is dit ook met die hedendaagse kapitalisme. In die *New Age* egter, sê die NAB, gaan alle ekonomiese grense verval; die wêreld se rykdom gaan in gelyke mate vryelik tot almal se beskikking wees. Die *New Age*-gedagte is dus in wese gekant teen privaatbesit en begunstig die Marxistiese ideologie.

Ook staat en owerheid lê volgens die NAB die vryheid van die mens aan bande; daarom sal grense tussen state in die *New Age* verval en sal almal kom tot 'n wêreldeenheid. Onder 'bevryding' verstaan die NAB dus bevryding van alle gesagstrukture. Die *New Age*-vryheid is dus niks anders nie as losbandigheid.

Hierteenoor berus die Bybelse boodskap van vryheid en bevryding in die verlossingswerk van Christus. Die vryheid waartoe Christus ons vrygemaak het (Joh. 8:36; Gal. 5:1) verskil hemelsbreed van die bevryding wat die NAB verkondig. Christus het ons in die eerste plek bevry van die oordeel van God:[6] Hy het ons straf gedra en daarom is daar "geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Rom. 8:1). Hy het ons

[6] Hierby is inbegrepe dat ons ook van die vloek en die toorn van God bevry is (Heidelbergse Kategismus, Sondag 15).

ook van die juk van die wet bevry: deur sy volmaakte gehoorsaamheid aan God het Hy die eis van die wet waartoe ons totaal onbekwaam is, vir ons nagekom (Rom. 8:3). Hy het ons ook van die sonde bevry: deur sy Gees wat in ons woon, het Hy die verslawende beheersing van die sonde deurbreek en lei Hy ons op die pad van heiligmaking (Rom. 6:14; Gal. 5:16-17).

## 6. GEVOLGTREKKING

Alles in ag genome, bring die denkbeelde van die NAB 'n mens nie by die ware Nuwe Eeu uit nie. Inteendeel, dit bind die mens juis aan die Ou Eeu van die sonde vas; dit spoor 'n mens aan om vrye teuels aan jou sondige begeertes te gee. Die denkbeelde van die NAB maak 'n mens wys dat jy so, onder die vaandel van die *New Age*, 'n wonderlike paradys tegemoetgaan.

Die paradys wat die NAB belowe, is een van seksuele losbandigheid, homoseksualiteit, aftakeling van gesag, die vergoddeliking van die natuur, die minagting van die Woord van God, die verdraaiing van die Bybel en, les bes, die oudste leuen: 'Julle sal soos God word!' So vertoon die NAB hom as bondgenoot van die sonde.

Om so 'n 'paradys' by die mensdom goed te praat, maak die NAB van die tipiese werkswyse van Satan gebruik, naamlik om die Bybelse waarhede te ignoreer, te vervals en te verdraai. Daarom is dit die gelowige se roeping om die *New Age*-denkbeelde in ons samelewing met die Bybelse waarhede te bestry. Aan 'n wêreld wat soek na 'n Nuwe Eeu moet die verborgenheid van die ware Nuwe Eeu bekend gemaak word: die Nuwe Eeu wat kom is 'n Eeu van die koninkryk van God!

## 7. BIBLIOGRAFIE

BURGER, M.G. (samesteller) 1987. Die nuwe era of die Tydperk van die Waterdraer. Die Basuin.
CAPRA, F. The Turning Point. London : Fontana.
COETZEE, J.C. 1985. Die Nuwe-Testamentiese wêreldbeeld. *Koers*, 50(4):301-324.
COETZEE, J.C. 1987. Satan en sy magte in die Nuwe Testament - besonderlik teenoor die Heilige Gees. *Skrif en Kerk*, 8(1):20-37.
COOPER, J.W. 1987. Testing the Spirit of the Age of Aquarius: The New Age Movement. *Calvin Theological Journal*, 22(2):295-305.
CUMBEY, C. 1986. The Hidden Dangers of the Rainbow. Pretoria : Bet-El.
DE BRUYN, P.J. 1991. Die Tien Gebooie. Ongepubliseerde diktaat, PUCHO.
DE LA GUERRE, F.J. Elke New Age knie sal buig. Potchefstroom : De la Guerre.
DE PARRIE, P. & PRIDE, M. 1990. Ancient Empires of the New Age. Illinois : Crossway.
FERGUSON, M. The Aquarian Conspiracy. London : Paladin.
FLOOR, L. 1982. Perspektiewe op die prediking van Paulus. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
GRIFFIN, D. 1983. Fourth Reich of the Rich. California : Emissary Publications.
MacLAINE, S. 1983. Out on a Limb. London : Elm Tree.
MARRS, T. 1987. Dark Secrets of the New Age. Illinois : Crossway.
McLOUD, W.S. 1990. Alles omtrent die "New Age". Die Wilgers: Projek: Word wakker Suid-Afrika.
MILLER, E. 1989. A Crash Course on the New Age. Grand Rapids : Baker.

OUWENEEL, W.J. 1988. Het domein van de slang. Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.

OUWENEEL, W.J. 1990. Die New Age-beweging. Ongepubliseerde voordrag gelewer by die PUCHO, Oktober 1990.

PIENAAR, J.J. 1990. Die Nuwe Suid-Afrika binne die konteks van die Nuwe Wêreldorde. Parys : Bybel en Volk.

SCHULZE, L.F. 1989. New Age : Herlewing van die 'old age'. *In die Skriflig*, 23(4):48-59.

VAN DER WALT, B.J., 1990. Die "New Age"-beweging. (*In* Van der Walt, B.J. e.a. Die "New Age"-beweging/The "New Age"-movement. Potchefstroom. Instituut vir Reformatoriese Studies. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F/F1, no. 273/274.)

VENTER, J.J. 1990. 'n Filosofiese perspektief op die *New Age*-beweging. (*In* Van der Walt, B.J., e.a. Die "New Age"-beweging/The "New Age"-movement. Potchefstroom. Instituut vir Reformatoriese Studies. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F/F1, no. 273/274.)